

Dinsdag 27 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-7

Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:4

Hy kom – al spot die wêreld hoe!

Vir Petrus is daar geen twyfel nie: Christus kom *weer*, al spot die wêreld hoe! Vir ons is dit 'n belangrike bevestiging. Om ons woel die mense en spot en lag ligtelik oor gewigtige geloofsdinge. 'n Groot deel van die wêreld leef asof Hy nie weer kom nie. Tog, Christus kom weer. Teen die dwalinge van sy tyd moet Petrus ook oor die wederkoms skryf. Hy wil hê hulle moet helder dink. Hulle moet onthou: Christus kom beslis weer. Dit staan vas en seker.

Daar is mense wat sê dat niks verander van geslag tot geslag nie. Alles gaan maar net hulle normale gang. Oor al die eeue bly dinge onveranderd. Daarom redeneer hulle: Laat ons leef asof Hy nie weer kom nie. Nou bevestig Petrus kragtig, duidelik – baie sterk – Hy kom weer:

- Vir die gelowiges is dit tot troos.
- Vir die ongelowige tot oordeel.

Die spotter sal bespot word en elke knie sal voor Hom buig. Die werklikheid van die wederkoms versterk ons in ons roeping, motiveer ons in ons dag-tot-dag bestaan, laat ons die dwalinge teenstaan. Bo alles leer ons om die tyd uit te koop, om Hom te dien – met hart en siel en al ons krag.

Die rede vir die spotters se afwys van die wederkoms is juis omdat hulle eie begeerlikhede het waarmee hulle hulself besig hou. Hulle hou nie van die moontlikheid dat die wederkoms 'n werklikheid kan wees nie. Petrus skryf hulle is moedswillig. Daarom her-inner hy hulle daaraan dat dit sy tweede brief is waarin hy wil hê hulle moet mooi dink, en suiwer dink: Christus kom, al spot die wêreld hoe. Moenie moedswillig wees nie. Hy kom.

Sing: Psalm 2-1:1

Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)